*Woensdag* 21 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 20:1-17
Fokusgedeelte: Eksodus 20:6
Barmhartigheid in konkrete dade

Eksodus 20:6 verkondig 'n diepte van God se karakter wat ons nie ligtelik moet opneem nie: *"Maar Ek bewys barmhartigheid …"* Letterlik: DOEN barmhartigheid. Die woord wat hier met "barmhartigheid" vertaal word, is die Hebreeuse woord *chesed* wat ook vertaal word met "goedertierenheid/guns/liefde/genade" – 'n term wat onlosmaaklik verbonde is aan GOD se trou, en die grond is waarop Hy met die mens in 'n verbondsverhouding tree. Hiermee bewys God in konkrete dade dat Hy sy verbondenheid aan die mens nie opgee nie.

Hierin staan die vleeswording en versoeningswerk van Jesus Christus voorop: "… die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid" (Joh. 1:14).

Let wel: Dit kom tot ons in die konteks van die tweede gebod waar God "ware godsdiens" beveel. Ware Godsdiens word beste verduidelik met dié woorde: "My liefhet en MY gebooie onderhou". God "bewys barmartigheid" aan duisende (geslagte) van die wat HOM (eerste gebod) met ware Godsdiens (tweede gebod) dien.

Dit laat ons vra: Is dit ÉÉRS "*EK* het lief en onderhou", en DÁN "God wat aan my barmhartigheid bewys"? 1 Johannes 4:19 leer ons anders: *"Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het."* 'n Duideliker openbaring van hierdie barmhartigheid van God kry ons nêrens! God "bewys nie aan ons barmhartigheid" *omdat* ons ware Godsdiens beoefen nie, God se "barmhartigheid bewys" word sigbaar *in* ons ware Godsdiens.

Ag, hoe sukkel ons nie met hierdie een nie! En weereens sien ons hoe bewys God barmhartigheid in die konkrete daad van die uitstorting van sy Heilige Gees deur Jesus Christus (Tit. 3:4-7). Die Gees wederbaar, die Gees vernuwe, die Gees "gee my gewilligheid, uit vreug gebore, wat weer u diens vir my 'n vreugde maak" (Ps. 51:6 berymd).

Dalk het die vreugde van ware godsdiens nou al vir 'n paar geslagte uit jou familie verdwyn en vervaag. Dalk is jy 'n hartseer aanskouer hoe ware godsdiens by jou kinders en kindskinders soos water in woestynsand wegsypel. Beroep jou biddend op hierdie karaktertrek van God: "Ek bewys barmhartigheid …"

*Sing: Psalm 92-1:1, 2*

*Ds. SJMS (Faan) Smit (Magalakwin/Dendron)*